

Die Here se tyd is opspoor-tyd, feesvier-tyd

Twee musikale genieë, Fritz Kreisler en Sergei Rachmaninoff, moes op 'n keer saam in die beroemde Carnegie Hall in New York optree. Halfpad deur Beethoven se 'Kreutzer' Sonata het Kreisler sy plek op die bladmusiek verloor. Toe fluister hy benoud: "Where are we?" Dadelik het Rachmaninoff geantwoord: "In Carnegie Hall." Nou ja of jy nou 'n grootmeester is, of te nie, almal van ons verloor een of ander tyd ons plek.

Soms is ons plek-verloor en ons verdwaaldheid so ernstig dat niemand anders ons kan help nie, net God! Gelukkig ken Hy altyd ons koördinate. Hy weet presies waar ons is wanneer ons die slag "properly" die spoor byster geraak het. Nooit is ons van sy bladsy af nie. Op geen tydstip is ons buite sy opvangsgebied nie. Op enige plek kan die Here ons opspoor. Orals en altyd weet God waar ons is. Nooit loop ons so ver die donkerte in dat die goeie Herder se hemelse soeklig nie ons spore kan vind nie.

Die Here kan dit nie vat dat ons wegraak of verdwaal nie. Daarom dat Jesus bereid is om elke keer na ons te soek totdat Hy ons kry. Hy ken altyd ons jongste ruitverwysings. Hy het 'n "dropped pin" op ons elkeen se lewe. As ons wegloop en Hy ons raakloop, tel Hy ons dadelik op sy skouers en dra ons terug na waar ons hoort. Dan vat Hy ons reguit na sy Vader se feessaal toe. Dan is dit feestyd. Nee, nie regsien tyd nie. Of vasvat tyd nie. Feestyd saam met die Here wag op elke verdwaalde wat opgespoor is deur die Heer. Blydschap wen wanneer jy weer tuiskom aan sy voete. Onthou jy?

deur Stephan Joubert

Gemeente - Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike; verslawings & depressielyers
- Bid asb vir Eskom & sy werkers in die moeilike tye
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & land
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- Bid asb vir Anet Beckman – sy het kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Isak & Anna Mofokeng – beide is ernstig siek
- Bid asb vir Ria Putter vir volle genesing
- Bid vir Gert & Magriet du Plooy-albei is ernstig siek
- Bid asb vir Louise van Zyl-sy het 'n groot rugoperasie gehad
- Bid asb vir Suzette Fourie-vir volle genesing

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- Ons is lief vir U!



Gedagte vir die week

THE MOST
IMPORTANT WORK
you will ever do
WILL BE WITHIN
THE WALLS OF
YOUR
OWN
HOME

President Harold B. Lee

Love begins by taking care of the
closest ones - the ones at home.
Mother Teresa

If you want to
change the world
go home and love
your family



fhappylife.com

Onthou om te onthou . . .

Datum "Topic" Plek
VP Congregation English Service @ 11:00 every Sunday